

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

A

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-08-04 (nm)

1888-08-05

DIE STAAT teen :

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST en

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. H. SMITH

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

-----

KONTRAKTEURS :

LUBBE OPNAMES

-----

VOLUME 431

(Bladsve 25 220 tot 25 273 )

DIE HOF HERVAT NA MIDDAGETE

MNR FICK: Dankie, edele, bladsy 1041 die laaste paragraaf daar betoog die staat dat UDF in sy "Update" van November 1986, BEWYSSTUK CA.1, verwys hy weer na sy "three years of united action" en dan verklaar hy dat een van sy "achievements" was dat hulle van "ungovernability to people's power" kon oorgaan , u vind dit op bladsy 10(b) van die bewysstuk.

ASSESSOR: Is dit van of na?

MNR FICK: Van "ungovernability to people's power" oorgaan.

ASSESSOR: Ekskuus, ja.

(10

MNR FICK: Dit is stawing beweer die staat in sy betoog vroeër dat ook UDF sien dat onregeerbaarheid is 'n voorloper van "people's power". Op dieselfde bewysstuk bo-aan haal die staat dan aan die UDF waar hy sê, die boonste aanhaling, die eerste sin: " In their place (dit is nou in die plek van die "councillors" en bantustan "chiefs") In their place civic, youth and student congresses have formed organs of people's power to take control of local administration".

Dan bladsy 10(d) wat in die middel van die bladsy aangehaal word in die laaste paragraaf is dit weer 'n aanduiding van (20 UDF waar hy sê: "School students successfully used a variety of tactics to resist attempts to break the development of people's power in the schools. Some students have refused to register while others have registered and then burnt their ID cards, or embarked on limited boycotts or occupied the schools while using the classrooms to teach people's education". Dit is dieselfde wat die NECC sê in sy dokument.

Dit word dan respekvol betoog in paragraaf 7.24 dat uit al die bogencemde dokumente van UDF en sy affiliale is dit oorvloedig duidelik dat by die UDF leiers, sy ampsdraers (30 en / ..

en sy geaffilieerdes reeds van die stigting van UDF dat hulle stryd om "people's power" in wese 'n stryd is vir die oorname van die gesag van die parlement tot op die laagste vlak. Dit word verder betoog dat dit reeds van die begin af vir beskuldigdes 19, 20 en 21 duidelik was waarom die stryd gaan en alhoewel sekere bewyssstukke soos BEWYSSTUK CA.46 na hulle arrestasies uitgerek is betoog die staat is dit net 'n bevestiging wat beskuldigdes 19, 20 en 21 saam met die ander UDF leiers reeds van die begin af beplan het met hulle sogenaamde "liberation struggle". Hierdie is met (10 alle respek die dis wat aangemaak is van 1983 af deur beskuldigdes 19, 20 en 21 wat ons nou het.

Ek wil asseblief hê die hof moet daar voor paragraaf 8 'n kruisverwysing maak vir die hof se gerief. Sien ook bladsy 67 tot 82 van die staat se betoogshoofde. Daar word ook "people's power" behandel wat my geleerde leier na verwys het in die behandeling van die vryheidstryd. Ek wil dan die getuenis van prof. Douwes-Dekker behandel. Dit is die man wat in wese die vakbondwese kom skets het vir die hof. Die staat betoog in paragraaf 8.2 dat die professor gee toe (20 dat hy nie weet wat UDF se doel was met die aanvaarding van hul resolusie oor die workers nie en hy ook toe dat dit kan wees om die workers te organiseer en te mobiliseer. Hy weet ook nie wat UDF verder gedoen het om die resolusies uit te voer nie. Die getuie is geen kennis van UDF en sy affiliale se beleid of aksies nie en sy getuenis met betrekking tot die geskiedenis van die vakbondwese en die stryd wat die workers in die land voer is van geen waarde vir hierdie hof word betoog by beoordeling van die geskilpunte voor die hof nie. (30

Wat/..

Wat professor Potgieter se getuienis betref, paragraaf 9 is dit so dat hy getuig het dat daar 'n styging was van 1977 tot 1984 van 469,50% in die verhoging van die huur kan die staat amper daarop sê "so what". Daar is geen ander getuienis oor wat in hierdie tydperk gedoen was vir verbeterings, wat die waarde van die verbeterings was nie, wat die kostes is wat hulle gehad het nie en hierdie stukkie getuienis op sigself is niksseggend. Ek vra dat die hof dit in wese ignoreer. Die staat betoog dan ten opsigte van al die voorgaande getuies se getuienis dat - die staat betoog (10 nie dat daar mense en organisasies bestaan het voor die stigting van UDF wat sekere grieve en sekere aspekte van die regering se strukture en beleid gehad het nie en wat selfs beplanning gedoen het en sekere optredes van stapel gestuur het, selfs dat hulle sekere kampanjes gevoer het sal ons nie betwis nie, maar die staat voer aan dat van die persone en liggame na die stigting van UDF deur UDF saamgevoeg is dat UDF al die geïsoleerde kampanjes en onafhanklike optredes van die persone en organisasies onder sy vleuels gekoördineer (20 en hierdie grieve aangegryp het om die massas landswyd in een gekoördineerde aanslag teen die regering, sy strukture en gesag, vir die gewelddadige omverwerpning van die regering. Dit is om hierdie rede betoog die staat dat die UDF van die begin af vertel het die massas is hulle "own liberators".

Die UDF het ook nie soos die persone en organisasies plaaslike die probleme of grieve probeer oplos nie maar het die massas daarmee gekondisioneer en opgesweep om betrokke te raak in die "liberation struggle" vir die sogenaamde daarstelling van 'n "people's government" gebaseer op die Freedom Charter. (30

En / ..

En dan betoog die staat ten slotte dat al wat die getuies vir die verdediging gedoen het, en wat ons hier behandel het is met respek om stawing te verleen aan die staat se argument dat daar wel griewe was, dat daar kampanjes gevoer was maar hulle is verder nie in staat om weens gebrekkige kennis omtrent die UDF om die hof enigsins behulp-saam te wees in die beslissing van die geskilpunte voor die hof nie. Ek is klaar, my geleerde leier sal voortgaan.

MNR JACOBS: Met respek, ons wou graag as ons die geleentheid gehad het ook beskuldigdes 19, 20 en 21 se getuienis (10 eok in aansluiting met wat ons reeds al hier gesê het in aansluiting met wat ons alreeds hier gesê het in hierdie betoog tot hiertoe behandel het maar ongelukkig was die tyd nie genoeg gewees om dit te kan doen nie, maar ons reken dat in die behandeling van die betoog is daar, globaal gesien hierdie hele betoog en die hele aksie wat geneem is en alles wat gebeur het, kan 'n mens duidelik sien dat die beskuldigdes en hulle getuies, hierdie drie beskuldigdes, baie nou verstrengel was en betrokke was in die hele situasie en toe hulle geleenthede gebied was om hieroor getuienis en (20 verduidelikings te gee was hulle eerder behep daarmee om politieke toesprake in hierdie hof te maak, party van minute en bladsye lank in antwoord op vrae. So dit is ons respekvolle betoog dat hulle het niks bygedra om aan die hof enigsins 'n beeld te bring van - en ons sê hulle kan dit ook nie gedoen het nie in die lig van al die getuienis van wat gedoen is, die geweldpleging wat daar ontstaan het en daarom is daar eerder oorgeslaan na politieke toesprake toe. Hulle het die vrae ontwyk deur die politieke toesprake te maak en dit is ons respekvolle submissie dat hulle dan ook honderd(30

persent / ..

persent ingeskakel het by hierdie gebeure soos tot hier geargumenteer en dat hulle van die dryffaktore was om hierdie dinge tot stand te bring. Ons het telkens vir die hof verwys na sekere aspekte toe waar hulle briewe geskryf het om dinge te vererger en al daardie tipe dinge so die hele opset wys dit was hulle dryfkrag en hulle dryfveer na geweld toe.

Ek het onderneem om vir die hof te sê - ons is jammer soos ek sê ons wil nie dit elke keer sê nie, maar ons kon nie al die getuienis weer presies paragraaf na paragraaf gaan uithaal en sê hierdie ene kan die hof nie - maar ons steun nog hoofsaaklik op wat die dokumente betref, op die ander betoog wat ons gelewer het by die aansoek om ontslag van die beskuldigdes. Ons het wat ons kon uithaal daar het ek aantekeninge hier, ek kan dit net vir die hof gee, dat van paragraaf 39, dit is bladsy 107 van daardie vorige betoog tot en met paragraaf 40, dit is p 127, daardie deel dink ek het ons nou oorbehandel want ons het gevoel laas was die toets vir die getuienis net..

MNR BIZOS: I am sorry, I did not get the page - I am confused with paragraphs and pages. I do not know whether it was clear to your lordship. (20)

COURT: It was page 107 tot 127 and paragraphs 30 to 40.

MR BIZOS: Are those the same references or are they different?

MR JACOBS: The same.

MR BIZOS: Oh, it is those pages.

COURT: Yes, at those pages one finds those paragraphs.

MR BIZOS: Those paragraphs. Thank you, yes.

MNR JACOBS: Dit is die deel, die getuienisgedeelte waar daar vroeër net 'n toets was vir prima facie getuienis wat ons nou belangrik geag het in hierdie betoog wat nou vandag ten (30

einde / ..

einde geloop het om die getuienis te behandel. Dan is daar tweedens 'n deel van bladsy 516 tot 599, dit het gehandel in daardie een oor die vryheidstryd. Daar het ons net 'n paar dokumente eintlik meer intesentief bespreek, ek dink ons het meer volledig vir die hof gebring in hierdie geval in die aanvang en inleiding van hierdie betoog hierdie keer en dan kan hierdie deel maar uitgelaat word. Dan ook van bladsy 1 236 tot aan die einde van die betoog, dit het meer gehandel oor die aansoek om ontslag daarso. Dieregsargumente wat ons by daardie aansoek behandel het die staan nog.

(10)

Dit is regsargumente wat ook nog op hierdie stadium van toepassing is. Ons het 'n kort deel bygevoeg wat ek graag net by die hof wil..

HOF: So kan ons net bietjie duidelikheid kry. 107 tot 127 516 tot 599 en 1 236 tot op die einde moet ons nie lees nie.

MNR JACOBS: Ja.

HOF: Is dit wat u sê?

MNR JACOBS: Dit is wat ek sê.

MR BIZOS: I am now confused, m'lord.

COURT: We are instructed to read everything there is in (20) these two red volumes except 107..

MR BIZOS: Oh, except. I am sorry, I misunderstood it at the beginning differently, that those were what we were supposed to read.

COURT: No, we can leave that out.

MR BIZOS: Oh, previous items to be ignored.

COURT: Yes.

MR BIZOS: Thank you.

MNR JACOBS: Dan het ek 'n kort deel wat aanvullend is tot dieregsargumente en veral met die uitleg van die artikels(30

oor / ..

oor die toelaatbaarheid van die dokumente wat ek graag met verlof van die hof wil ophandig.

HOF: Dit word dan volume 4?

MNR JACOBS: Ons sal dit volume 4 maak met u verlof.

HOF: Ek wonder of ons dit nie maar byvoeg by volume 3 nie, is daar nie plek nie?

MNR JACOBS: Dit sal miskien wenslik wees om dit daar by te voeg.

HOF: Ja, ons sal dit later daar byvoeg.

MNR JACOBS: Die eerste deel wat ek hierso wil behandel (10 is dokumentêre getuienis, is die opskrif en dan verwys ons daarso in die eerste instansie na die sake van Ex parte Minister of Justice in re Jacobson and Levy 1931 AD.

HOF: Ja, u moet nou nie so vinnig gaan nie, mnr Jacobs, hierdie is nie feite wat 'n mens net oor kan hardloop nie. Ek moet darem bietjie daaroor dink ook. Wat is die punt wat u hier maak?

MNR JACOBS: Ja, dit is die bestaande gesag oor die uitleg van prima facie bewys. Die aanhaling wat daar is stel dit duidelik: (20

"Prima facie evidence in its usual sense is used to mean prima facie proof of an issue, the burden of proving which is upon the party giving the evidence. In the absence of further evidence from the other side, the prima facie evidence becomes conclusive proof and the party giving it, discharges his onus."

Dit is van belang in hierdie geval, edele. Hoekom ons dit aanhaal is daar is getuienis van die mense wat ANC-opleiding gehad het, wie se getuienis nou "conclusive proof" sal word. Die tweede punt wat ons dan sal behandel is dat .. (30

HOF / ..

HOF: Maar is dit noodwendig so? Dit hang tog seker af van hoe goed daardie getuie is?

MNR JACOBS: Ja, maar..

HOF: As daardie 'n slegte getuie is dan is dit nie "conclusive proof" nie, dan beteken hy niks nie.

MNR JACOBS: Ja, maar as hy..

HOF: En as hy 'n goeie getuie is dan bly hy 'n goeie getuie. Dit hang tog af van die getuie?

MNR JACOBS: Dit is reg, maar ek het maar net die gesag bygevoeg hierso, edele. (10)

HOF: Ja, maar ek dink u gebruik die gesag op die verkeerde plek.

MNR JACOBS: Dit het ook toepassing by die artikels wat nog later uitgelê moet word, dit is die toepassing van die artikels op die toelating van die dokumente wat almal ook praat van prima facie "proof" wat dan "conclusive proof" word en dit is ook daar van toepassing, so dit is op twee punte wat ons dit eintlik wil gebruik.

HOF: Ja?

MNR JACOBS: Dan behandel ons die artikel, die eerste (20) artikel wat ons behandel is artikel 246 van die wet en daar van die Strafproseswet eerstens, Wet 51 van 1977, wat die toelating van sekere dokumente bepaal. Eerstens is daar die baie wye begrip van wat 'n dokument is, wat toegelaat kan word en dan onder A, B, C en D haal ons eintlik die wet aan vir die gerief van die hof dat dit hier bymekaar is. Die A-deel bewys dan in kort gesê wie 'n ampsdraer van daardie vereniging is; B, bewys wie die outeur van 'n dokument is; C bewys twee belangrike aspekte wat ons vir die hof vra om in gedagte te hou, bewys van die hou van so 'n vergadering (30

en / ..

en van die verrigtinge van so 'n vergadering; D bewys dan die bedoelde oogmerk dat 'n oogmerk wat uit die dokument uit voorkom is die oogmerk van daardie vereniging. Dan wys ons op bladsy 3 daarop, dit is nou net ter behandeling van hierdie artikels waar ons kortliks die hof hier op sekere aspekte wil na verwys. Dit is eerstens duidelik dat die tydstip waarop die dokument op die perseel was, dieselfde moment moet wees as waarop die perseel deur die vereniging van persone geokkupeer was. 'n Dokument wat byvoorgeeld na 'n jaar na 'n sekere organisasie die betrokke perseel ont- (10 ruim het gevind is kan nie ingevolge hierdie artikel, hierdie sub-artikel gebruik word nie. Dit is daardie, en daar is 'n of in die artikel wat ons hier het in 3.3, die alternatief noem. So ook is dit alternatiewelik uit die bewoording van die artikel verder duidelik dat die dokument in die besit of onder die beheer van die ampsdraer, beampete of lid van die vereniging moet gewees het toe dit gevind is, so ons het twee moontlikhede volgens ons die artikel interpreteer - of hy word gevind op die perseel of hy word gevind in die besit van 'n beampete of 'n lid, 'n ampsdraer van daardie organi- (20 sasie toe dit gevind is en dan kan dit aangebied word as bewysmateriaal aan die hof. Dit is paragraaf 3.4 van ons argument, 'n bespreking van sub-artikel (a). Die sub-artikel kan net aangewend word om te bewys dat 'n beskuldigde 'n lid van 'n vereniging van persone is en kan duidelik nie aangewend word om te bewys dat enige ander samesweerde wat nie 'n beskuldigde is nie, ook lid van so 'n vereniging is. Dit is maar net om die artikel duidelik te stel, objektief duidelik te stel.

3.5, sub-artikel (b), dit is nie nodig om die naam (30

van / ..

van die beskuldigde en dié van 'n dokument letter vir letter dieselfde hoef te wees nie. Daar gee ons dan die gesag waar dit gesê is dit hoef nie letter vir letter dieselfde te wees nie.

Vervolgens wil ons sub-artikel (c) net hierso meer toelig soos ons dit uitlê dat indien dit ex facie die dokument blyk dat dit 'n notule of uittreksel uit 'n notule te wees van 'n vergadering van - daar is ongelukkig 'n tikfout daar, dit is vergadering - van 'n vereniging van persone of van 'n komitee van so 'n vereniging is dan dien die blote voorleg-(10 ging van sodanige dokument as prima facie bewys van die hou van die vergadering en ook van die verrigtinge daarby. Dit is dan ons respekvolle betoog dat dit beteken dat die staat prima facie bewys het met so 'n dokument wie teenwoordig was, in watter hoedanigheid hulle teenwoordig was, welke besluite geneem is en welke sake bespreek is en wat die vergadering beplan het. Ons sê hierdie verrigtinge daarby sluit al hierdie dinge in.

Dan 3.7, sub-artikel (d), dit word betoog dat uit die baie wye omskrywing van dokument die wetgewer dit duidelik(20 maak dat dit die oogmerk van 'n vereniging van persone bewys kan word uit enige tipe van geskrif en wat belangrik is, hoekom ons sê enige tipe van geskrif is dit byvoorbeeld glad nie nodig dat slegs formele aanvaarde besluite byvoorbeeld van die nasionale uitvoerende komitee van UDF hoef te wees wat UDF se oogmerke kan bewys nie. Veral beskuldigdes 19 en 20 was in hul antwoorde gretig gewees om voor te gee dat sekere dokumente wat aan hulle gestel was dan nie formeel aanvaarde besluite van die UDF bevat het nie. En hierdie artikel is belangrik in daardie opsig. Dan verwys ons (30

na / ..

na die saak van S v Nkosi 1961 4 SA en waar artikel, die hof artikel 263 (bis) van Wet 56 van 1955, dit is die voorganger van hierdie artikel wat identies lees met respek, toegepas het en bevind het dat die staat in daardie saak bewys het dat die appellante 'n lid van die PAC was en in Alexander se saak waar ons veral op steun, hierdie saak is 1965 2 SA 818 (CPD) het die hof die volgende bevind, ons gee hier 'n aanhaling wat ons belangrik ag:

"The effect of this section is therefore two-fold: it renders admissible upon mere production, certain (10 documents and it accords to their contents a probative effect amounting to prima facie proof. By prima facie proof is intended as far as those facts are concerned evidence which is such as to call for an answer and which in the absence of an answer may become conclusive proof."

en dan 'n baie belangrik proviso daar:

"..Subject to the aforesaid, I agree with the defence contention that the production of a document is not per se evidence of the events specified thereon, but (20 the document by its contents nevertheless discloses the type of reading matter and information produced and distributed by an organisation to its members, whether or not the events related therein actually took place or the information supplied is authentic."

Nou ons sê dat hier is twee dele in hierdie gelese passasie.

Die eerste deel tot daarso "conclusive proof" daar voor "Subject to the aforesaid..", dit behels dokumente wat onder die wet en onder die artikel ingehandig en wat aan die vereistes daar gestel, voldoen. En die toets wat dan (30 gestel /..

gestel word is "subject to" daardie toets of hy ingehandig is of nie; ander dokumente wat dan ingehandig is sal dan geen prima facie bewys hê nie en dit is wat die artikel sê in die volgende deel, dat 'n dokument wat nie voldoen aan die voorskrifte van die wet nie, dit is wat daar bedoel word dat so 'n dokument bewys bloot net wat is gesê.

In die saak van S v Twala & Others 1979 3 lê die hof die gemeenregtelike reëls en statutêre reëls ten opsigte van toelaatbaarheid van dokumente uit en verklaar die volgende. Nou net om aan te pas by wat ek so pas gesê het ons haal daarso uit, uit daardie saak 'n hele lang aanhaling en ek dink die hele kruks van die aanhaling kom dan voor op bladsy 8 waar die hof dan sê:

"Section 246 of the Criminal Procedure Act 51 of 1977 extends the scope and ambit of common law rules on admissibility."

nou dan kry ons weer daardie "Provided":

"Provided the prerequisites are met, it can be used to admit documents which convey those facts the legislator has listed in sub-section (a) to (d) in respect of the evidential value of such documents, the legislator creates a prima facie presumption of the truth of such facts which can be rebutted by the accused on the preponderance of probabilities".

So ons submissie is dat hierdie saak van Twala het die geëerde regter in hierdie geval huis ook dieselfde beginsels toegepas wat ons sê dat daar twee dele is, dat die een deel is waar hy voldoen aan die vereistes van die wet en die ander deel as dit nie voldoen aan die vereistes soos gestel in hierdie verskillende sub-artikels nie.

(30)

Dan / ..

Dan verwys ons daar op artikel 49(4) wat bepaal dat indien sodanige straf- en siviellregtelike verrigtinge ontstaan enige dokument, boek, rekord, pamflet of ander publikasie of geskrif wat gevind is, of verwyder is uit die besit van, of die bewaring of beheer van die beskuldigde - ek mag miskien sê dat hierdie deel is eintlik presies ook wat ons in die vorige deel gesê het en is eintlik maar net weer 'n herhaling en is ook weer "proof" - dit is ten opsigte van die dokumente wat dan toegelaat word ten opsigte van artikel 49(4). En ons volstaan daarby dat daardie dokumente bewys die feite-like inhoud daarvan waar hy ookal gevind is, en teen 'n beskuldigde.

Dan het ons net vir die hof se gerief hierso gepraat van die sameswering. Ons het ook net hier saamgevat die jongste gesag oor sameswerings, die saak van S v Saffatsa.

HOF: Waar het jy dit nou saamgevat?

MNR 'JACOBS: Net die laaste deel, ek sal net vir hof wys waar die aanhaling is. Dit is op bladsy 12, die tweede paragraaf. Ons begin by "Common Purpose" op bladsy 11, dan kom die kern van BOTHA R se uitspraak uit in daardie deel, bladsy 12-gedeelte. In hierdie geval het BOTHA R heelwat gesag en die appèlhof het hier heelwat gesag van vroeëre - waar twee verskillende weergawes bestaan het. Eers was daar gesê dat daar in 'n gevolgsmisdaad moet daar 'n kousale verband wees deur een van die mededaders ten aansien van die gevolg wat intree en die appèlhof het na oorweging en behandeling van verskeie artikels het die appèlhof gehou daar hoef nie so 'n kousale verband wees tussen oorsaak en gevolg nie.

HOF: Nou waar bring u die "common purpose" in by hierdie saak / ..

saak?

MNR JACOBS: Ons het die "common purpose" in hierdie saak waar daar 'n gemeenskaplike doel is waar die mense nastreef om die land se regering omver te gooい en 'n regering van hulle eie te vestig in hierdie land. Ons het die sameswering waar ons hele aanklag baseer is op 'n sameswering, 'n sameswering wat werk met 'n "common purpose" en hier kry ons duidelike leiding ook in hierdie geval.

Die volgende aspek wat ek met verlof van die hof wil behandel is dat as ek 'n kort samevatting kan gee - ons het(10) een opgestel. Ek wil die hof vra om in te handig net om te bewys hoe word die beskuldigdes verbind aan die aktiwiteite wat ons hiërs oorgemeneert het. Edele, ek moet om verskoning vra, hierdie stukke is nie getik nie. Ons het dit so netjies moontlik probeer skryf.

HOF: Dankie.

MNR JACOBS: Nou ten aansien van beskuldigde 1 wys ons daar hy organiseer, mobiliseer en politiseer die mense in Sharpeville, dan ook by die begrafnis van Sithole op 23/09/84 het hy 'n opruiende toespraak gemaak. (20)

HOF: "Mob" staan vir mobilisering, "Org" staan nie vir orgie nie maar vir organisering en "Pol" staan nie vir die polisie nie maar vir politisering"

MNR JACOBS: Dit is reg, ja. Beskuldigde nr.2 het die organisering, mobilisering..

HOF: Nou net so 'n bietjie nou. So die enigste basis waarop u beskuldigde nr.1 verbind is die organisering van mense, kom ons los nou maar die ander woorde voorlopig uit, van mense in Sharpeville - is dit met vergaderings?

MNR JACOBS: Met vergaderings. (30)

HOF / ..

HOF: U bedoel met die vergaderings?

MNR JACOBS: Met die vergaderings, ja.

HOF: Watter vergadering?

MNR JACOBS: Dit is die - ek dink hy het begin by die 19de se vergadering, Augustus 1984 en 26 Augustus 1984 se vergadering. Ek sal net kyk die ander ene. Ek dink dit is net die twee. En dan die ander een is op 23/09/84 by die begrafnis van Sithole.

Beskuldigde nr.2 het ook die mobilisering, die organisering, mobilisering en politisering van die mense in Sharpeville.. (10)

HOF: Is dit nou by daardie vergaderings?

MNR JACOBS: Dit is by daardie vergaderings..

HOF: Watter? (gelyk)

MNR JACOBS: Hy het begin - ek dink hy het begin met die 12de.. die 19de se vergadering, 26ste se vergadering, 2 September 1984 se vergadering, dit is dié wat hy daar bygewoon het en deelgeneem het aan en dan sê ons dat volgens hierso betoog het dat die samewerking wat met die UDF gehad is - nie UDF nie, met VCA gehad het in die Vaal. Uit die hele - dat hy(20) nie uit sy eie gegaan het na die vergaderings nie maar die vergaderings in samewerking en dan ook - mag hulle net almal noem dan neem ek die samewerking saam.

HOF: Maar wat bedoel u met samewerking dan?

MNR JACOBS: Vir bereiking van die doel om swart plaaslike..

HOF: Ek weet watter doel u beweer maar waaruit bestaan die samewerking in die sin van hoe het hy met hulle saamgewerk - ek weet hy het aan die optog deelgeneem. Maar hoe het hy met hulle saamgewerk voor die tyd?

MNR JACOBS: Dit is wat ons noem. samewerking ook dat hy (10)

deelgeneem / ..

deelgeneem het aan die aktiwiteite van 03/09/84 by Small Farms daar aan die optog en hy lei saam met VCA se mense die optog. Hy het as AZAPO se verteenwoordiger op die vergaderings gepraat daar in Sharpeville.

HOF: Nee, ek weet dat hy gepraat het in Sharpeville maar ek wil nou weet van die samewerking met die VCA, waarop maak u daar staat?

MNR JACOBS: Op die deelname aan die aktiwiteite.

HOF: Dit is nou die optog se storie?

MNR JACOBS: Die optog, ja. Dan die gebeure by Caesar (10 se huis was hy teenwoordig daar gewees. Dan die incident by die poskantoor waar hy betrokke was; daar het hy opgetree; en dan die opruiende toespraak by Sithole se begrafnis op 23 September 1984.

Nou beskuldigde 3..

HOF: Wag net so 'n bietjie. Ja?

MNR JACOBS: Beskuldigde 3 was by die stigting van VCA. Hy het saamgewerk met VCA en die ander organisasies. Die organisering, mobilisering en politisering van die mense in Sharpeville op die verskillende vergaderings daar; ja, (20 by die stigting van VCA het hy 'n toespraak gelewer daar. Hy was gewaarsku deur die polisie ten aansien van moontlike geweld wat hy geïgnoreer het.

HOF: Wat sê u van die feit dat hy nie daar was op 3 September nie?

MNR JACOBS: Dit maak nog nie afbreuk aan die feit dat hy georganiseer het onder die mense daar nie. Ons het die aantyging gemaak in die klagstaat dat hulle eintlik daar padgegee het en dit word sterk geondersteun deur die feit dat hy gewaarsku was oor geweld en dat hy padgegee het uit daardie (30

gebied / ..

gebied uit, dat hy nie daar wou gewees het nie.

HOF: Maar hy het nie pad gegee nie want hy is na die sinode toe en hy het die aand weer teruggekom as ek reg onthou.

MNR JACOBS: Maar hy het die mense opgesweep op die vergaderings.

HOF: Ja, dit is nou 'n ander punt, dit is iets heeltemal anders. Die punt wat ek aan u stel 'is u sê hy is 'n leier van die ooproer in Sharpeville. Nou 'n punt wat die verdediging klaarblyklik gaan maak is as hy 'n leier is van die ooproer in Sharpeville hoekom gaan sit hy lekker by die sinode? (10) Dan moet jy tog daar wees om die mense te lei?

MNR JACOBS: Ons submissie is dat die ander leiers sou miskien gesorg "het vir die mense om reg te sien wat gebeur het ook by die plekke waar hulle moes bymekaar kom en ons submissie is dat die besuldigde het spesifiek daar weggegaan want hy was gewaarsku deur die polisie dat daar gaan geweld uitbreek. Hy was daaroor onverskillig gewees. Hy het ook die leidende rol gespeel agterna toe daar onderhandelings gewees het met die mense - ek dink dit was die 9de gewees, 9 September 1984 dat daar was opgesien na hom as 'n leier. Hulle wou nie (20) eens samesprekings gevoer het sonder dat hy teenwoordig was nie en ons submissie is dat die besuldigde het eintlik doelbewus daar weggegaan. Ons submissie is die feit dat hy nie daar was nie, doen nie afbreuk aan die feit dat hy beplanning gedoen het vir 3 September se moeilikheid en dat hy die beplanning gedoen het vir moeilikheid teen raadslede.

HOF: Wag nou so 'n bietjie, moeilikheid teen raadslede - wat beteken dit presies?

MNR JACOBS: Om die raadslede - edele, die hele opset is ons betoog as ek dit reg verstaan was gewees dat die opset van (30

die / ..

die organisering van die mense oor die tydperk in die Vaal en die verskillende plekke was om hulle op te sweep teen die raadstelsel en raadslede en dit is ook wat werklik gebeur het op 3 September. Mense is opgesweep en hulle het ook oorgegaan tot geweldpleging teen die raadslede en die raadstelsel, om dit te vernietig, om die hele stelsel daarso onwerkbaar te maak en die hele opset van die hele gebeure daar, en die opset van die gehele doelstellings van UDF en al die organisasies en waarvan hy self gesê het hulle ht saamgewerk met die organisasies, vir mnr Harris, om die(10 mense juis op te sweep teen die hele stelsel. Ons submissie is en dit het ons probeer uitbring in ons betoog sover dat vanaf die vergadering van die 12, die 19de, 26ste en die 2de was almal gemik regdeur op die een doel en dit is om die mense op te sweep en bymekaar te kry. En die getuienis van die staat het bewys dat op die 2de se vergadering is daar nog die besluite geneem dat daar sal die volgende dag marsjeer word; dat die mense sou bymekaar kom by die kerk en daar is nog die kwessie van die busse. Die transkripsie meld dat beskuldigde selfs ook gesê het dat busse gestenig en met (20 klippe gegooi word.

HOF: U sê nou daar is georganiseer om 'n optog te hou vanaf Sharpeville?

MNR JACOBS: Ek het my miskien verkeerd uitgedrukk, ek is jammer.

HOF: Nou kom ons aanvaar, dit is tog wat u betoog, dat daar gereël is vir 'n optog of is dit nie u betoog nie?

MNR JACOBS: Ja, my betoog is daar is gereël en gesê daar gaan 'n oprog wees. Dit was om die mense bymekaar te kry. Ons submissie is daar sou nooit 'n optog geloop het vanaf (30

daardie / ..

daardie plek na Houtkop toe nie. As die mense daar bymekaar gekry is dan sou dit moes ontaard in geweldpleging.

HOF: Ja.

MNR JACOBS: En wat vroeg daardieoggend van 3 September en self die vorige nag al daar ontwikkel het in geweldpleging en dit na intensiewe opsweeping van die mense., Is daar nog iets wat die hof hieroor miskien wil vra, edele?

HOF: Wel, u moet u betoog lewer mnr Jacobs, ek sal vra as ek wil vra, ek is nie skaam nie.

MNR JACOBS: Nee, ek vra net as daar nog iets is wat die (10 hof wil vra hieroor..

HOF: Gaan maar voort.

MNR JACOBS: ..of kan ek aangaan na die volgende punt toe?

HOF: Maak u punte.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Beskuldigde nr.5 op sy eie getuienis het hy die jeug georganiseer en jeugorganisasies in die Vaal. By die vergaderings van ERPA op 26 Augustus 1984 en van VCA op 26 Augustus 1984 het hy toegespreek, hy het deelgeneem aan die optog van 3 September 1984 en daaropvolgende gebeure. Hy het op die vergadering van 27/11/ (20 83 het hy opgetree en op die vergadering van 19/02/84 het hy opgetree. Hy was by Caesar se huis op 03/09/84. Hy het die stigtingsvergadering van VCA ook bygewoon, waar hy een van die voorsangers gewees het op daardie stigtingsvergadering.

Nou beskuldigde nr.6, daar is bewys dat hy UDF algemene raadsvergaderings bygewoon het, hy het samewerking gehad met VCA om die UDF se Million Signature kampanje te bevorder; die vergadering van ERPA op 26/08/84 het hy aan deelgeneem. Na die onluste - daar is 'n spelfout - dit is onluste, het (30

hy / ..

hy deelgeneem en samesprekings gevoer met UDF. Hy was die seremoniemeester by Sithole se begrafnis op 23 September 1984. Dit is in kort waar ons sê hy heeltemal betrokke was by die organisasies in die Vaal en UDF se aktiwiteite.

Dan beskuldigde nr.7. Hy het UDF..

HOF: Kan ons nou net daar pouseer. 'n Man soos 6 byvoorbeeld, beskuldigde nr.6, hy het sekere raadsvergaderings van die UDF bygewoon. Wat het u om aan te toon, as u argument reg is, dat daar in elk geval rewolusie beplan is; wat het u om aan te toon dat hy daarvan geweet het? (10)

MNR JACOBS: Op hul eie..

HOF: Moet 'n mens nie op die besondere raadsvergadering waar hy teenwoordig is kyk wat is daar beplan nie, om daardie man aanspreeklik te hou nie?

MNR JACOBS: Dit is so, edele, ek wil..

HOF: Tensy u op 'n ander basis 'n afleiding teen hom kan maak?

MNR JACOBS: Op die vergaderings wat hy werklik dan ook bygewoon het is ons submissie dat daar moet noodwendig daarna gekyk word wat hy daar gedoen het en uit die hele globale prentjie uit - vat net die Million Signature kampanje. (20) Dit was deel van 'n kampanje gewees om die mense te politiseer en te mobiliseer en dit was..

HOF: Maar kom ons - ek dink u sal seker toegee dat daar baie onskuldige mense, as daar so-iets soos skuldige mense in verband met die Million Signature Campaign is, dat daar baie onskuldige mense ook is.

MNR JACOBS: Ja maar..

HOF: Wat geteken het en wat die dokumente rondgedra en gehelp het. Was dit nie 'n politieke kampanje nie?

MNR JACOBS: Dit was 'n politieke kampanje, maar.. (30)

HOF / ..

HOF: Nou was die kampanje 'n onwettige kampanje?

MNR JACOBS: Dit was nie 'n onwettige kampanje gewees nie.

HOF: Nou kan 'n mens van sy deelname aan daardie kampanje aflei dat hy die bedoeling het om die staat omver te werp?

MNR JACOBS: Van sy deelname aan daardie kampanje in samehang met UDF en hulle doel; gemeenskaplike algemene doel, dink ek kan 'n mens sê dit is gebruik hoewel dit nie per se onwettig was nie.

HOF: Nee, u verstaan nie die punt nie. U wil - kom ons neem nou beskuldigde 6 as voorbeeld, daar is waarskynlik 'n(10 hele klompie beskuldigdes wat ook daaronder val - u sê beskuldigde nr.6 is skuldig aan hoogverraad. U sê dit onder andere omdat hy deelgeneem het aan vergaderings van die UDF en omdat hy deelgeneem het aan die Million Signature kampanje.

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: Daar is twee vrae. Een is as 'n mens deelneem per se net aan die Million Signature kampanje beteken dit dat jy skuldig is aan hoogverraad omdat jy noodwendig die bybedoeling daarin moet lees wat u daarin lees? Ek het moeilikheid met daardie argument. En die tweede punt is dit, as 'n mens (20 affiliéer met die UDF bloot op sterkte van die deklarasie en jy kom dan op 'n algemene vergadering, net een; hoe moet jy agterkom dat dit 'n rewolusionêre organisasie is as dit 'n rewolusionêre organisasie is; as daardie dinge nie daar bespreek word nie?

MNR JACOBS: Ons sal moet kyk na die vergadering, die notules van die vergadering wat hy bygewoon het.

HOF: Wel, is die blote feit dat hy 'n vergadering bygewoon het dan voldoende?

MNR JACOBS: Wat op daardie vergadering bespreek is, wat (30 die / ..

die vordering is; dan kyk 'n mens na sy optrede daarna. Nou wat is sy optrede, edele? Ons het dit dat hy daarna 'n intensesie kampanje voer teen swart plaaslike besture, nie oor knelpunte nie maar om hulle totaal te vernietig en uit te skakel. Ons het twee insidente daar waar hy gegaan het na die eeu fees wat daar gevier is, dat hy saam met ander organisasies, saam met VCA het hulle gaan werk teen die raadslede daar om hulle in onguns te bring. Hy voer hierdie Million Signature kampanje uit. Op die 26ste se vergadering nog weer word daar geagiteer teen die raadslede en die raadslede vernietig moet word.

HOF: Nee, dit is nou iets anders. Kyk, dit hang af van wat ons bevinding is oor die vergadering. As ons bevinding oor die vergadering van 26ste is dat daar iemand gesê het, en die voorsitter het hom nie gerepudiéer nie: kom ons vermoor die raadslede, byvoorbeeld so-iets; dan kan 'n mens miskien 'n afleiding daarvan maak. Ek het u nou net op die ander punte gevra, nie oor die vergadering nie. Die vergadering is iets anders, dit staan op sigself. Maar die deelname aan die Million Signature Campaign, is dit nie gewone politieke aktiwiteit nie?

MNR JACOBS: Ons sê dat die Million Signature kampanje is nie nt 'n gewone politieke aktiwiteit nie.

HOF: Nee, u sê die ding word gevoer met bybedoelings, om mense te organiseer, om mense te mobiliseer sodat hulle by die UDF sal aansluit omdat die UDF bybedoelings het. Dit is nou iets anders, dit is van die UDF se bestuur se kant gesien en of u dit bewys of nie is iets anders. Ek neem dit nou van die kant van die individu en ek neem as voorbeeld beskuldigde nr.6. Ek sê hy neem deel daaraan en hy dra die

(30) pamflette / ..

pamflette rond en laat mense teken.

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: Kan jy van daardie feite iets aflei? Behalwe dat hy 'n politieke persoon is en dat hy 'n sekere politieke gesindheid het?

MNR JACOBS: Ja, op die dokumente selfs van die Million Signature kampanje word sekere riglyne gegee.

HOF: Ja, maar dit is politieke riglyne wat ek seker is die PFP ook voorstaan.

MNR JACOBS: Nee, dit sal ek saamstem, edele, dit mag so (10 wees maar dan gaan dit verder as dit. In die uitvoering van hierdie Million Signature kampanje, met alle respek volgens my sienswyse as 'n mens daarmee saamgaan deur UDF, met UDF dat dit juis - en dit word by herhaling van hulle gesê dat dit juis gedoen word om die mense te mobiliseer en politiseer.

HOF: Ja, maar nou is die persoon iemand wat gemobiliseer en gepolitiseer word?

MNR JACOBS: Ek dink as mens gaan op die hele opset van wat op die vergaderings bespreek was, die verskillende items (20 wat daar bespreek is op die agenda..

HOF: Dit is nou die vergadering van die 26ste?

MNR JACOBS: Nee, die vergadering wat hy eerstens bygewoon het van UDF; dan kry hy al 'n denkbeeld en hy kry 'n duidelike beeld van wat UDF is, waarom hulle dit doen; dit word ook gesê op die vergadering hoekom moet hulle 'n Million Signature kampanje gaan voer; wat is hulle doelstellings daar. Daar word verslag gedoen deur die Million Signature persoon wat dit kontroleer wat hulle daaromtrent doen.

HOF: Wat die persoon spesifiek gesê het weet ek nie, ek (30 kan / ..

kan ook nie meer onthou wat die notule sê nie, maar ek is seker die man het gesê ons het nou al soveel handtekeninge en ons het hier en hier en hier georganiseer, maar die Million Signature kampanje was 'n kampanje teen die nuwe grondwet.

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: Dit staan elke burger tog vry om te sê ek gaan nie met die grondwet saam nie, mits hy dit op 'n behoorlike wyse doen?

MNR JACOBS: Dit is wat ons..

HOF: Dit is juis wat die hele debat oor gegaan het, moet (10) die grondwet deurgaan of moet hy nie deurgaan nie. Is hy billik of is hy nie billik nie?

MNR JACOBS: Ja, dit is al wat ons sê waar die verskil, die groot verskil is waar 'n mens 'n keuse het moet hy deurgaan of nie deurgaan nie. Of dit moet deurgaan parlementêr en dan aan die ander kant moet dit deurgaan ekstra-parlementêr, nie deur die kanale nie.

HOF: Nee, maar kom ons gaan nou terug. Die UDF is tog gestig primêre as 'n mens na die dokumentasie kyk wat hulle voorgehou het aan 'n mans soos beskuldigde nr.6, om te agiteer teen (20) die nuwe bedeling.

MNR JACOBS: Dit is reg.

HOF: Nou goed, dit is 'n politieke rigting wat hulle inslaan. Is dit verkeerd, regtens gesproke, afgesien van jou politieke sienswyse, regtens gesproke is dit verkeerd?

MNR JACOBS: Laat ek dit so stel, edele, enige persoon wat nie verdere kennis het nie en net dit sien, net daardie dinge, kan ek nie sien dat - daarnee stem ek saam.

HOF: Ja, maar nou het hy verdere kennis gehad?

MNR JACOBS: Ek dink hy sou kennis laterraan verder (30) opgedoen / ..

opgedoen het. Hy het heelwat meer kennis opgedoen soos sy optrede lateraan toon, maar ek sal moet saamstem met die hof al wat ek het wat nr.6 betref is net hierdie aksie van hom wat hier is.

HOF: Basies wil dit vir my voorkom asof u saak teen beskuldigde nr.6 staan of val hoofsaaklik by die vergadering van ERPA op 26 Augustus?

MNR JACOBS: Dit is miskien so soos die hof dit stel.

HOF: Goed, en dan miskien kan 'n mens 'n afleiding maak van die Sithole-begrafnis, afhangend van wat daar bevind sou word. Ja?

MNR JACOBS: Beskuldigde nr.7 het die UDF algemene raadsvergaderings bygewoon. Hy het gedien op die VCA se areekomitee vir gebied 7; hy het die Daleside-kursus bygewoon; hy het die vergadering van 19 Februarie 1984 bygewoon; hy het die vergadering van 26 Augustus 1984 ook bygewoon. Dit is al die getuienis ek dink wat ons teen hierdie persoon het. Nou hy was aktief gewees, hy is duidelik ingelig oor die beleid van UDF op die Daleside-konferensie. As die hof sou bevind dat hy daardie konferensie bygewoon het.. (20)

HOF: Maar hy was nie in die optog nie?

MNR JACOBS: Nee, hy was nie in die optog gewees nie, as ek die getuienis reg kan - soos ek uit die getuienis opgetel het nie.

Nou beskuldigde nr.8 was by die - ek noem dit die huisvergaderings, dit is die reeks vergaderings wat gereël was by beskuldigde nr.10 se huis en daarna. Hy het die vergadering van 26 Augustus 1984 gepropageer en daar in daardie propaganda het hulle ook, toe hulle dit aangekondig het, het hulle dit ook teen die swart plaaslike besture gehad, (30) geagiteer/..

geagiteer en dan VCA, by die vergadering van 26 Augustus 1984, was hy die voorsitter daarop gewees. By die gebeure van 3 September 1984 by Small Farms het hy gehelp en hy het aan die optog deelgeneem en hy het die optog geleid. 'n Ander aspek wat ek nie hier ingesit het nie, hy het ook die feesgeleenheid was hy bedrywig by gewees toe raadslede daar onpopulêr gemaak is en mense verhoed was om die fees by te woon.

ASSESSOR: Die Evatonfees?

MNR JACOBS: Die Evatonfees. Nou beskuldigde nr.9 was by (10) die gebeure van 3 September 1984 te Small Farms in die optog en daarna en op die vergadering van VCA op 26 Augustus 1984. Ek dink dit is die enigste getuienis wat ek kon kry waar hy verbind is met die aktiwiteite in die Vaal.

HOF: Was hy lid van die VCA?

MNR JACOBS: Ek weet net een van die vergaderings was by sy huis gehou. Nee, ekskuus, dit was nie by sy huis gehou gewees nie, dit was by beskuldigde nr.17 se huis. Ek glo nie hy was op die bestuur van VCA nie, kan ek net seker maak? Nou beskuldigde nr.10.. (20)

HOF: Nee, wag, wag, stadig so 'n bietjie. So u sê beskuldigde nr.9 is skuldig omdat hy 'n vergadering van die VCA bygewoon het en omdat hy aan die optog deelgeneem het?

MNR JACOBS: Aan die optog deelgeneem het sê ek ja.

HOF: Is elkeen wat in die optog geloop het skuldig? Ek dink daar was 2 000 mense - was elkeen skuldig?

MNR JACOBS: Nee, ek kan nie sê elkeen is skuldig nie.

HOF: Nou watter aandeel het hy gehad? Het hy georganiseer?

MNR JACOBS: Ek dink in die getuienis het ons uitgewys, ons behandel 'n groot deel - ek het ongelukkig nie my betoog (30) hier / ..

hier by my nie, maar ek behandel 'n groot deel dat hy was wel aktief gewees. Ek praat nou bietjie onder korreksie, edele, is hy nie een van dié wat hulle beweer het pamphlette geskryf het nie? Hy het leiding geneem daar by daardie..

HOF: Wel, u sê dit is in hierdie rooi volumes?

MNR JACOBS: Of in die bloue wat ek vir die hof gegee het.

HOF: Die bloue? Dan sal ons dit oplees. Het hy gesprok op die VCA-vergadering van 26 Augustus?

MNR JACOBS: Dit is reg, edele. Nou die stigting van VCA, beskuldigde 10 het deelgeneem aan die stigting van (10 VCA. Hy is verkies op die bestuur van VCA in gebied 3 area-komitee. Hy het die huisvergaderings bygewoon wat gehou is by beskuldigde 10 se huis. Hy het die VCA-vergadering van 26 Augustus 1984 toegespreek. Hy het die massavergadering toegespreek in Bophelong aan die einde van Oktober 1983. Hy het die VCA-vergadering by UDF-kongres in Port Elizabeth in Desember gaan bywoon namens VCA; hy het die vergadering met UDF gaan hou na die onluste. Hy het ook weggegaan tydens die hou van die onluste. Nou my submissie is dat vanaf die stigting van VCA het hy heelhartig deelgeneem aan die (20 aktiwiteite van VCA om die mense te mobiliseer in die Vaal. Hy het selfs getuig dat hy het selfs ander huisvergaderings gehou om die mense te mobiliseer en ons submissie is ook dat hy deelgeneem het aan die opsweeping van die mense aan die vergadering van 26 Augustus 1984, toe hy hulle toegespreek het.

Beskuldigde nr.11, hy het die Boipatong Residents Organisation geïnisieer en hy het skakeling gehad soos my kollega mnr Fick gister hier vir u uitgewys het, met VCA en Esau Raditsela en beskuldigde 3 met die vordering van (30 die / ..

die aksie teen die raadslede. Op 3 September 1984 het hy deelgeneem aan die organisering van die massas op die vierkant te Boipatong.

HOF: Ek dink u sal vir ons een of ander tyd op hierdie deel V van u moet skryf indien u na 'n beskuldigde verwys het in u hoofde, waar u na hom verwys het; sodat ons in die hoofde bymekaar kan kry wat u sê daar teen elke beskuldigde is. Ek is seker daar is sekere gedeeltes in die ou betoog en sekere gedeeltes in die nuwe betoog, maar u sal dit bymekaar moet sit anders gaan ons - hierdie ding is darem (10 te oppervlakkig om op te werk.

MNR JACOBS: Ek moet verskoning vra dat dit so is, edele, ek kon dit maar doen in die tyd wat ons nou besig is met die betooglewering. Ek kon nie behoorlik voor die tyd dit saamvat nie.

HOF: Nee, goed, u kan dit maar later vir ons gee, dit is nie 'n probleem nie. Dit is net dat ons die bladsye bymekaar het.

MNR JACOBS: Soos dit u behaag.

HOF: Kyk, daar is 'n stukkie hier - hierdie van beskul- (20 digde 11 is nou grotendeels al behandel êrens anders.

MNR JACOBS: Dit is so.

HOF: Maar kom dit nou by 'n stuk wat u alreeds genoem het in die betoog vir ontslag of kom dit nie daarby nie?

MNR JACOBS: Ek sal dit doen..

HOF: U moet vir ons die bladsye gee asseblief van elke beskuldigde want op hierdie manier gaan dit net eenvoudig 'n oppervlakkige ding afgee.

MNR JACOBS: Dan wil ek voorstel dat ek eintlik nie verder met hierdie voorgaan nie. Ek kan net sê dat die enigste (30

ja / ..

ja - dan wil ek voorstel dat ek eintlik nie voortgaan met hierdie nie. Ek kan net sê dat die enigste - ja, as dit die hof se goedkeuring wegdra dat ek hierdie dinge doen, dat ek hierdie ding behoorlik gaan doen want u sal sien by beskuldigdes 19, 20 en 21 - ek kan dit net op die basis doen soos ek hier gesê het, in die breë algemeen vir die hof stel op hierdie stadium.

HOF: Ja, gaan maar voort, u kan vir ons later die bladsy-verwysingsnummers gee.

MNR JACOBS: Nou dan sal ek voortgaan met beskuldigde 11. (10) Hy het die Boipatong Residents Association geïnisieer en hy het skakeling gehad met die VCA, Esau Raditsela en beskuldigde 3 met die vordering van aksie met raadslede. Op 03/09/84 het hy deelgeneem aan die organisering van die massas op die vierkant in Boipatong; op etlike tonele van geweldpleging by huise en besighede van raadslede, dit is op 3 September.

Dan beskuldigde 13, die gebeure van 3 September 1984 by Small Farms het hy aan die optog deelgeneem en geleei, die optog geleei. Die gebeure by Caesar se huis, hy was daar gewees; mense gewerf, byvoorbeeld IC.8 as lede van (20 die Vaal Youth Congress. Hy was aktief op die stigtingsvergadering van VCA.

Die enigste beskuldigde teen wie ons omtrent niks het nie, is beskuldigde 14 volgens my submissie. Ons het net dat hy sangleier was op die stigtingsvergadering van VCA.

Beskuldigde 15 het die huisvergaderings bygewoon en by die gebeure van 3 September 1984 te Small Farms en die optog het hy aan deelgeneem en die vergadering van VCA te Small Farms op 26 Augustus het hy ook aan deelgeneem.

Nou beskuldigde nr.16 se aktiwiteite in die (30 organisasie/..

organisasie SCA wat gister behandel is deur mnr Fick. Hy het die vergadering op Sharpeville op 19/08/84 bygewoon en die mense opgesweep; in die Vaal op 3 September 1984 na die onluste uitgebreek het was hy daar teenwoordig gewees.

Nou beskuldigde nr.17, hy was op VCA gebied 7 area-komitee se bestuur. Hy het die huisvergaderings by beskuldigde nr.10 se huis bygewoon. Hy het gedien op - hy het UDF algemene raadsvergaderings bygewoon; hy het die Daleside-byeenkoms bygewoon. Hy het die ERPA-vergadering op 26 Augustus 1984 en die VCA-vergadering op 26 Augustus 1984 (10 beide toespreek. Hy het die gebeure van Small Farms en die optog op 03/09/84 het hy aan deelgeneem en die optog gelei. Na die onluste uitgebreek het is hy vergesel - het hy Esau Raditsela en Lord McCamel na die UDF vergesel om verslag te doen. Pamflet AM.15 is opgestel saam met Edith Letlhake; hy het op 01/09/84 vir ene Mtunzi gesê dat as hy nie by UDF aansluit nie gaan hy spyt wees.

Nou beskuldigde nr.19 is vername deelnemer aan die algemene beleidsbepaling van UDF se nasionale beleid en strategie. Hy is 'n vername deelnemer aan die uitvoering (20 en koördinering van UDF se beleid en strategie; saam met beskuldigde 20 was hy aktief betrokke by die organisering en mobilisering van die massas in die OVS, Oos-Kaap en Noord-Kaap. Beskuldigde 19 het direk deelgeneem om die massas te organiseer en te mobiliseer en aan te stig tot aktiewe deelname aan die vryheidstryd. Ek verwys na BEWYSSTUKKE V.2, V.3, Alexandra, Noord-Kaap, V.4, V.14, V.21 en V.26. Hy was ook op die bestuur van die SCA.

Beskuldigde nr.20 is ook 'n vername deelnemer aan die algemene beleidsbepaling van UDF se nasionale beleid en (30 strategie / ..

strategie. Hy was 'n vername deelnemer aan die uitvoering en koördinering van UDF se beleid en strategie. Saam met beskuldigde 19 was hy aktief betrokke by die organisering en mobilisering van die massas in die OVS, Oos-Kaap en Noord-Kaap. Beskuldigde 20 het direk deelgeneem om die massas te organiseer, mobiliseer en te politiseer en aan te stig tot aktiewe deelname aan die vryheidstryd - ons verwys na V.8, V.9, V.12, V.16, V.17, V.24 en dan V1 en 26. Hy het UDF direk gekoppel aan die militêre vleuel van die ANC en die massas so ingelig. (10

HOF: Ons kan vleuel seker maar met 'n "v" spel?

MNR JACOBS: Ja, edele. Gereelde kontak gehou met Tumahole en Seisoville.

Beskuldigde 81 is 'n vername deelnemer aan die algemene beleidsbepaling..

HOF: Gelukkig nie.

MNR JACOBS: Beskuldigde 21 is 'n vername deelnemer aan die algemene beleidsbeplanning van UDF se nasionale beleid en strategie. Hy is 'n vername deelnemer aan die uitvoering en koördinasie van UDF se beleid en strategie. Hy is UDF se (20 organiserer in Noord-Transvaal. Hy is aktief in die aktiwiteite in Atteridgeville, Saulsville en Mamelodi veral ten aansien van skoleboikotte. Hy het COSAS-vergaderings bygewoon in Saulsville en Atteridgeville. Hy was ook aktief te Mankweng.

Beskuldigde nr.22 het georganiseer vir die stigting van VCA. Hy het die stigtingsvergadering van VCA op 9/10/83 bygewoon en daar deelgeneem. Hy het deelgeneem aan die protesvergadering van 27/11/83. Hy het gedien op die bestuur van VCA, en nadat hy weg is van die Vaal het hy op (30

Grahamstad/..

Grahamstad op die bestuur van AZASO gedien en by die gebeure daar betrokke geraak.

HOF: Op watter basis hou u beskuldigde 22 aanspreeklik?

Hy was nie naby die Vaal nie.

MNR JACOBS: Nee, maar beskuldigde 22 het die beleid van UDF probeer uitvoer. Hy het georganiseer vir die stigting van organisasies in die Vaal, om die beleid uit te voer. Hy het protesvergaderings om UDF se beleid uit te voer en die mense op te sweep het hy op 27/11/83 bygewoon en die mense toespreek, 'n toespraak gelewer en toe hy uit die Vaal weggegaan het, het hy nie die sameswering verlaat nie. Hy het nog weer gegaan en toe hy in Grahamstad kom het hy gaan aansluit en hy was op die bestuur van AZASO gewees. Dit is volgens die bewysstukke wat hier by die hof ingedien is.

HOF: Maar wat het AZASO in Grahamstad gedoen?

MNR JACOBS: In elk geval AZASO is baie nou - het ons uitgewys is baie nou betrokke in die hele situasie van die skoleboikot. Dit is AZASO en COSAS wat die leidende..

HOF: Maar is dit nie 'n bietjie van 'n groot sprong nie?

Ek het altyd verstaan dit is COSAS wat met die skoleboikot(20 te doen gehad het. AZASO mag nou wel steun gee in die sin van ondersteuning, miskien aanmoediging, ek weet nie; maar wat weet ons het AZASO in Grahamstad gedoen?

MNR JACOBS: Ons sal daardie bewysstukke net vir die hof uitkry en dan sal ek die ander ding wat die hof - as ek dit nou beter opstel met verwysings soos die hof gevra het, kan ons ook vir die hof wys wat AZASO - ek het vandag na 'n paar van AZASO se dokumente verwys en mnr Fick ook, oor die hele kwessie van "people's power". Dit is nie 'n kwessie dat AZASO heeltemal afsydig gestaan het of net toevallig in (30

'n ding / ..

'n ding betrokke was nie. Hulle word genoem, hulle en COSAS as die vernaamste twee komponente in UDF se geledere om die skoleboikot uit te voer. Hulle gee die vernaamste leiding op daardie gebied.

Ek weet nie of die hof op hierdie stadium verlang dat ek daardie aanvullende verwysings moet kry vir hierdie ding nie..?

HOF: Eers voor wat?

MNR JACOBS: Voordat ek verder aangaan.

HOF: Nee, u kan maar voortgaan. (10)

MNR JACOBS: Want eintlik kom ek dan by die volgende aspek betoog ek dat die staat het bewys uit die getuienis wat voor die hof gelê is dat UDF en die UDF geaffiliéerde - eerstens laat ek dit so stel, dit is ons respekvolle betoog dat die staat het bewys dat daar 'n sameswering is, aan die een kant tussen UDF en die UDF-geaffiliéerde organisasies en hulle lede en bestuurslede veral, en dan 'n sameswering is my respekvolle betoog ook met die ANC, tussen UDF binnelands en die ANC buitelands en die SAKP.

Dit is ons respekvolle betoog dat ons bewys het dat (20) die UDF en die geaffilieerde en ook UDF, ANC en SAKP, dat hierdie sameswering was gewees om die staatsgesag oor te neem. Ten tweede, dat hulle dit wou oorneem op 'n geweldadige wyse; Die derde punt is deur gebruik te maak van die massas wat gemobiliseer, geopolitiseer en opgesweep moes word; dat die lede van die sameswering hier binnelands, dit is UDF en sy geaffiliéerde, daadwerklik die massas opgesweep het tot die oorgaan van geweldpleging teen die staatsgesag en gesagsorgane van die staat. Dit is ons submissie dat uit die feite wat bewys is, is daar 'n vyandelike opset bewys teenoor die (30)

staat / ..

staat en dit aan die kant van die samesweerders. Dit is ook bewys en die erkenning is gemaak dat die beskuldigdes almal hier by die hof deelgehad het is ons submissie, ek sal sê al die beskuldigdes op hierdie stadium behalwe beskuldigde nr.14 soos ek sê ons nie kon bewys nie; maar dat hulle almal trou verskuldig is aan die staat van die Republiek Suid-Afrika en dat die staat bewys het, behalwe vir beskuldigde nr.14, dat almal van hulle daadwerklik gewerk het en mee-gehulp het om die massas op te sweep en self ook direk deelgeneem het aan die opsweeping van die massas en direk (10 in die Vaal ook deelgeneem het aan die aktiwiteite daar waar die massas oorgegaan het tot geweldpleging. Daarom sê ons dat ons het bewys dat daar was georganiseer en daar is dus hoogverraad gepleeg in dié sin; dat daar op 'n landswyse basis op vele plekke onder leiding van UDF geweld uitgebreek teen die staat en ons vra dan dat die hof die beskuldigdes vir hulle aandeel in die totstandbring van die opstand teen die regering, gewelddadige opstand wat daar was, skuldig sal bevind aan hoogverraad. In die alternatief, as die hof bevind dat daar nie hoogverraad bewys is nie, vra ons dan skuldigbevinding dat hulle, soos ons dit uiteengesit het, skuldig bevind moet word aan die verskillende, in volgorde soos hulle gestel is in die alternatiewe klagtes, dan van die alternatiewe aanklagtes; eerstens terrorisme en as die hof bevind dit is nie terrorisme nie, dan intimidasie; maar ons reken op hierdie stadium dit is eintlik nie nodig dat ons na die verderes verwys nie want dit is eintlik net twee wat bewys is, wat werklik altwee bewys is, wat altwee van toepassing is, hoogverraad en artikel 54 is bewys, is ons submissie.

HOF: Watter ander bevoegde uitsprake is daar? (30)

MNR JACOBS / ..

MNR JACOBS: Daar is 'n moontlikheid van bevoegde uitsprake.

Ek kan net aan openbare geweldpleging dink. Ek het nie op daardie aspek - kan ek miskien net op hierdie stadium geleenthed kry, tot moreoggend toe om net oor daardie ding te besin.

HOF: Wat sê u van die element van geweld by hoogverraad?

MNR JACOBS: Geweld het uitgebreek.

HOF: Ek sê is dit 'n noodwendig element by hoogverraad?

MNR JACOBS: Nee, ons submissie is dat ons het eintlik hoogverraad bewys toe hulle beplanning gedoen het om die staat(10 se gesag oor te neem.

HOF: Wat sê u van die nuwe uitspraak van VAN DER WALT R?

MNR JACOBS: Ek sal hom eers moet lees.

HOF: Hoe is dit dat die P-G nie aangaan in die P-G se kantoor nie?

MNR JACOBS: Die P-G se kantoor met alle respek het so gesit met hierdie hof ons het nie eens by die ander goed gekom nie.

DIE HOF VERDAAG TOT 5 AUGUSTUS 1988

(20

DIE HOF HERVAT OP 5 AUGUSTUS 1988

MNR FICK: Ek wil net graag ophandig na die hof 'n toestemming, skriftelik, van die ondersoekbeampte vir beskuldigde nr.3 wat verlof gevra het om Kimberley te besoek vir die begrafnis van 'n familielid. Ons vra dat die voorwaardes gewysig word soos die dokument aantoon.

COURT: I place the following on record. In accordance with paragraph 2 of the conditions of bail, accused no.3, Tebogo Geoffrey Moselane is granted permission to visit Kimberley during the period 5 August 1988 to 7 August 1988, subject (10 to the following conditions:

1. He reports at Hillbrow police station on 5 August 1988 immediately before leaving for Kimberley;
2. He reports at Galeshewe police station immediately on arrival at Kimberley and between 06h00 and 09h00 and between 18h00 and 21h00 on 6 August, 1988; between 06h00 and 09h00 and immediately before his departure from Kimberley on 7 August 1988.
3. He reports at Hillbrow police station between 18h00 and 21h00 on 7 August 1988. (20)
4. During his visit to Kimberley, he limits his movements to 118 Korana Street, 3040 Sevesa Street; the cemetary at Vergenoegd, the Lutheran Church in Vergenoeg; the St James Anglican church and his reports to the Galeshewe police station.
5. All other conditions of bail stand and are to be strictly adhered to.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Ons het intussen die skedule wat ons gemaak het ten opsigte van elke beskuldigde se aan-spreeklikheid, het ons gegaan en die bewysplase daarby (30

geplaas / ..

geplaas, ons het 'n nuwe skedule opgetrek wat ek met die verlof van die hof dan wil inhandig.

HOF: Vervang dit nou deel 5?

MNR JACOBS: Dit vervang deel 5, edele, wat ek voorheen ingehandig het want daardie is volledig en daar is ook een wysiging daar wat beskuldigde 2 betref; die laaste inskrywing daar: oproerende toespraak by Sithole se begrafnis, was nie hy gewees nie maar dit was beskuldigde nr.1 wat ons hier op 'n verkeerde plek by beskuldigde nr.2 ingehad het. Op die vervangende een is dit heeltemal korrek gestel. (10)

HOF: En die bewysplose wat u hier gee, is dit bewysplose in die getuienis?

MNR JACOBS: In die getuienis.

HOF: Nie in die hoofde nie?

MNR JACOBS: Nee.

HOF: En is dit deurgaans die situasie?

MNR JACOBS: Ja, party plekke het ek gesien het ons ook wel na die hoofde verwys maar dieselfde tyd die getuienis ook gegee.

HOF: En wyk hierdie wat u hier sê wesenlik af van wat die (20 ou deel 5 was?

MNR JACOBS: Nee, behalwe die een wat ek reggemaak het, die hof se aandag op gevvestig het ten aansien van beskuldigde 2. Die afwykings wat daar miskien kan wees is dit is net meer volledig.

Dan wil ek net 'n aspek benadruk ten aansien van die beskuldigdes ook. Ons het in die hoofde van argument het ons op bladsy 97, paragraaf 3.

HOF: Bladsy 97?

MNR JACOBS: Bladsy 97 by paragraaf 3. (30)

HOF / ..

HOF: Volume?

MNR JACOBS: Dit is die eerste volume, het ons daar verwys na UDF en die mense wat by UDF - VCA en die mense wat by UDF betrokke was altyd bewus was van die doelstellings van UDF, dat hulle deelgeneem het aan die vryheidstryd en volhard het en ek wil met respek net weer terug verwys na 'n aspek wat ook in die hoofde van betoog..

HOF: Wel, terwyl ons nou op bladsy 97 is, ek het miskien vergeet om dit af te skryf maar ek het 'n vraagteken hier. Daar staan VCA was verteenwoordig deur en dan is daar nie (10 name nie.

MNR JACOBS: Edele, op BEWYSSTUK 26 kom dit voor, dit is 12 November se vergadering. Ons sal net daarso op BEWYSSTUK 26 die name kry vir u. Ek sal net hier dit vir mnr Fick gee dan kan hy intussen tyd vir my dit soek, miskien kry ons dit sommer hier. Ons sal in die tussentyd net kyk. Ek wil die hof verwys spesifiek hier na 'n aanhaling uit 'n bewysstuk waarna in die hoofde ook verwys was vir hierdie argumentsonthalwe; dit is BEWYSSTUK W.23.

HOF: Waar moet dit ingeskryf word? (20

MNR JACOBS: Ek dink ons moet dit inskryf op die vraag wat die hof vir my gister gevra het..

HOF: Dit is nie op die bladsy van die betoogspunte nie?

MNR JACOBS: Nee, ek dink dit moet inkom by die laaste gedeelte.

HOF: Maar wat is die vraag wat gevra is? Laat ons net eers die vraag kry.

MNR JACOBS: Of die verskillende beskuldigdes dan eintlik verbind word en bewus was van UDF se doelstellings in die vryheidstryd; ek wil dit saam behandel die hele lot. Die eerste aspek wat ek wil noem in hierdie geval is dat (30

volgens / ..

volgens die erkenning wat die verdediging gemaak het en gestel het aan die getuies was die volgende beskuldigdes almal op hierdie stigteingsvergadering gewees: Beskuldigdes 3, 5, 8, 9, 10, 13, 14, 15, 16, 17 en 22.

HOF: Op die stigteingsvergadering van wat?

MNR JACOBS: Van VCA. Dit word gevind in volume 19, bladsye 867 tot 868. Ons het reeds kennis dat dr Motlana op hierdie vergadering 'n toespraak gelewer het en in W.23 word daar 'n weergawe van sy toespraak gegee. Ek wil net 'n deel daarvan uitlees, op bladsy 8 daarvan. Dit is 'n SASPU National (10 van Oktober 1983 en die opschrift van hierdie artikel waarna ek verwys is "Cheers as Vaal Civic is formed".

ASSESSOR: Watter volume is dit?

MNR JACOBS: Ekskuus, edele, dit is volume 4. So in die middel, bietjie onder die middel van hierdie artikel lees:

"Dr Motlana warned the audience against believing the claim that the new councils offered to blacks under the black local authorities act fully fledged municipalities. He describe the Koornhof bills as a mechanism to divide urban and rural people. Dr Motlana said.." (20 en dan word sy woorde aangehaal:

"We are interested in power, not in a platform to air grievances. We want power to vote, to make the laws of this country."

en dan:

"Speaking on the education system Nkhondo said if education was democratic and relevant, people would all be able to see through the evil attempts of the government."

Dan word daar net verder genoem hoe die bestuur gekies (30

word / ..

word. Nou die volgende dokument waaruit ek net 'n passasie wil aanhaal is net om te wys dat dieselfde toespraak was ook gerapporteer gewees in The Eye van Maart 1985 - nee, ekskuus, dit is Speak - Speak van Januarie 1984, ekskuus en dit is BEWYSSTUK W.69 en op bladsy 6 daarvan, in die middel verskyn daar 'n artikel: "Vaal Civic Body Formed" en daar word ook aangehaal in daardie artikel die woorde, word gedeelte van dr Motlana se toespraak aangehaal:

"A guest.."

HOF: Ekskuus, ek soek dit nog. Volume hoeveel is dit (10 nou? Volume 11?

MNR JACOBS: 11, edele, bladsy 6 van W.69.

HOF: Wat is die opskrif? O, die klein berigging heel onder?

MNR JACOBS: Ja, "Vaal Civic Body Formed". Nou daar word ook weer aangehaal:

"A guest speaker at the meeting to form the new organisation, dr Motlana of the Soweto Civic Association, SCA, said the new councils were not fully fledged municipalities. We are interested in power, he said, not in a (20 platform just to air grievances. We want power to vote, to make the laws of this country and to administer this country".

Nou ons submissie aan u is dat vanaf die begin, eintlik nog voor dit wys ons dit uit in die hoofde, maar ten minste vanaf die begin teenoor hierdie persone, beskuldigdes wat daar teenwoordig was, was dit baie duidelik gemaak dat die vryheidstryd is die stryd wat gevoer word. Dit is nie 'n stryd vir plaaslike aangeleenthede nie, dit is 'n stryd vir mag en al die beskuldigdes wat ek genoem het, het hierdie (30 vergadering / ..

vergadering bygewoon. Almal van hulle het op hierdie vergadering gehoor dit gaan om 'n stryd om magsoornname. Al die beskuldigdes op hierdie vergadering wat daarna aan die aktiwiteitie van VCA deelgeneem het, het presies geweet waaroer gaan dit. Nou in die resolusies wat aanvaar is op hierdie besondere vergadering is daar ook aanduidings, baie duidelike aanduidings dat hulle presies geweet het, die massas op daardie vergadering, waarvoor hulle hulle inlaat en dat hulle resolusies aanvaar om kampanjes te voer wat deel is van die vryheidstryd en nie plaaslike probleme nie. As ek net die(10 heel laaste ene kan lees op BEWYSSTUK AN.13. Dit is:

"We pledge under the banner of the Vaal Civic Association to strive for the unity of our people, to strive for co-operation and unity with our people in other areas of our country and to work and to co-operate with genuine people's organisations in the country."

So behalwe vir die ander resolusies wat dan aanvaar is wat spesifiek dui op - waar ons ook in die hoofde daarop gewys het - waar dit presies dui dat daar kampanjes buiten die plaaslike probleme aanvaar is, is daar ook hierso 'n (20 spesifieke aanvaarding van die stryd en die mobilisering en samewerking op landswyse grondslag.

'n Ander aspek wat ek graag dan ook wil beklemtoon is dat op hierdie vergadering van 9 Oktober 1983 was dit by die gehoor en ook by hierdie beskuldigdes duidelik tuisgebring dat dit gaan hierso daarom dat hulle onderdruk word, dat hulle onderdrukte mense is en dat hulle moet veg vir hulle regte. Dit was aan hulle duidelik gemaak op hierdie vergadering dat hulle deel is van 'n vryheidstryd. In ons respektvolle submissie, dit was duidelik gemaak op hierdie vergadering (30

dat / ..

dat hulle deel is van 'n vryheidstryd wat kom van die tyd van die ANC af en wat voortgesit word. Die geskiedenis van die ANC was op hierdie vergadering verkondig aan hierdie mense en dit was die stryd wat hulle voorsit. Daar was geen illusies gelaat by enige ene wat op die vergadering is waarmee hulle besig is nie. Daar is op hierdie vergadering die vryheidsliedere gesing wat die geweldpleging en die vryheidstryd populariseer en ook die ANC se leiers gepopulariseer het; wat die stryd wat hulle voortsit geïnisiéer het.

(10)

So ons respekvolle betoog is dan dat nie een van die persone wat daar verkies is, wat op daardie vergadering teenwoordig was nie geweet het waaroor gaan dit nie. So dan word dit, waar ek dan verwys na hierdie bladsy 97 onder paragraaf 3 van die hoofde, hoedat dit presies is wat verder uitgevoer is nadat VCA tot stand gekom het, dat dit 'n deelname is aan die vryheidstryd. Waar hulle rapporteer aan UDF se vergaderings dat hulle die mense mobiliseer in die gebied; waar dit gerapporteer is dat hulle die kampanje teen swart plaaslike besture opgeneem het in die gebied (20 en waarin dit gerapporteer word ook omtrent die nuwe konstitusie en die stappe wat hulle voorstel of die steun wat hulle gee in verband met die nuwe konstitusie, die stappe wat geneem moet word na die Port Elizabeth konferensie waarvan die Vaal se verteenwoordigers teenwoordig was, onder andere beskuldigde 10.

Nou daarna het ons uitgewys ook in die hoofde dat die stryd wat daar - ek kan ook net meld op hierdie eerste vergadering, die bewysstukke wat ingehandig is, die advertenties wat dit geadverteer het. Eerstens is daar BEWYSSTUK (30

AN.3 /..

AN.3, wat 'n duidelike aanduiding is, die plakkaat wat hier ingehandig is wie die sprekers is en waar dit gaan op 'n stadium aan die begin waar daar nog nooit huurverhogings gewees het op daardie stadium nie, dan is die wekroep alreeds hierso, die knelpunte van UDF: "No to high rents, no to community councils". Dieselfde geld dan vir AN.5 waar diezelfde voorkom: "No to high rents, no to community councils". Dit is die pamflet wat uitgereik is deur die aksiekomitee en dit is wat gedruk is en voorberei is met behulp van UDF. So met alle respek is ons submissie dan dat al die (10 beskuldigdes wat daardie vergadering bygewoon het daardie dag het geweet waarvoor laat hulle hulle in.

Daarvan van die 9de af verder dan word die kampanje gevoer teen swart plaaslike besture. Dit is nie 'n kwessie dan soos ons uitgewys het in ons hoofde. 'n Kwessie van bloot te gaan vir probleme wat hulle oplos in die gebied nie maar dit gaan oor uitvoering van die kampanje teen swart plaaslike besture. Daar is die vergadering van 27 November 1983, 'n massavergadering gereël en georganiseer deur VCA vir 'n kampanje teen swart plaaslike besture. Ons het die (20 getuienis daar dat daar was ook gesproek oor die onderdrukking en die vryheidstryd. Tewens op elkeen van die vergaderings wat in hierdie hof behandel is, die 26ste se vergadering, die 19de se vergadering; op al die vergaderings is die klem altyd gelê op die onderdrukking van die mense en dat hulle moet veg vir hulle regte. Nie om plaaslike probleme op te los nie. Wat ek probeer om te demonstreer is hulle het altyd geweet hulle neem deel aan die vryheidstryd en die getuienis het ook getoon dat dit was aan die mense oorgedra dat dit 'n vryheidstryd is wat gestry word. So ons respekteerde (30

submissie/..

submissie dan is dat waar die mense dan deelgeneem het, almal van hulle wat deelgeneem het aan die optog en die gebeure daar het geweet dit is die stryd en wat gaan gebeur.

Die tweede is die ander wat die mense gemobiliseer het en gepolitiseer het en georganiseer het en wat nie daar was nie, byvoorbeeld beskuldigde 3, het geweet hulle is besig met 'n stryd vir die vryheidstryd en dat hulle die mense mobiliseer en organiseer vir die vryheidstryd. En met alle respek op die beginsels van die sameswering, al was hulle nie daar nie, hulle het almal 'n gemeenskaplike doel gehad (10 om die vryheidstryd te bevorder en al was hulle nie daar nie, wat deur die ander samesweerders uitgevoer is word hulle ook toegerekend. In werklikheid is hulle die aanstigtters tot die gebeure op die 3de en hulle kan nie nou gaan skuil agter iets anders dat hulle nie daar gewees het nie. So die aspek van die beskuldigdes wat nie daar was nie, met alle respek hulle is nog aandادig deur hulle aksie om die mense op te sweep, deur hulle aksie om deel te neem aan die sameswering deur hulle aksie om die stryd en die vernietiging van swart plaaslike besture te bevorder in die Vaal ook. (20

Dan die ander aspek wat u gister na verwys het is die saak van VAN DER WALT R. - ekskuus, edele, ek wil net iets hier seker maak. Die vergadering waarna die hof my nou-nou gevra het, die verwysing daar wie die verteenwoordigers was, op bladsy 97; dit is die vergadering van 12 November was verteenwoordig deur Molete van VCA.

HOF: J Motete?

MNR JACOBS: J Motete, ja. Dit is die enigste een wat daar gewees het. Ek sien die uitspraak het eers beskikbaar gekom op 26 Julie 1988; die uitspraak van VAN DER WALT R. in (30

S v /..

S v M J Mayekiso en blykbaar is uitspraak gelewer op 6 Junie 1988. Nou dit is 'n baie indrukwekkende uitspraak hierdie na my beskeie mening, met 'n diepgaande studie van die elemente van hoogverraad en VAN DER WALT R het tot die konklusie gekom dat dit nie nodig is dat geweld moet bewys word vir hetsy hoogverraad of sedisie as elemente van die misdaad van hoogverraad of sedisie nie. Ten tweede het hy ook tot die konklusie gekom dat sedisie is 'n bevoegde uitspraak op 'n aanklag van hoogverraad. Ek het 'n afskrif van die uitspraak bekom, ek weet nie of die hof het nie (10 dan kan ek vir die hof beskikbaar stel. Ek kon ongelukkig nie vanoggend nie want ons masjien is stukkend, om af te rol.

Het u ene?

HOF: Ek het 'n afskrif. Ek sal 'n afskrif vir my assessor beskikbaar stel.

MNR JACOBS: Moet ons dit doen, edele?

HOF: Ek sal dit self doen.

MNR JACOBS: Dankie, edele. Ek weet nie of die verdediging het nie, dan kan ons vir hulle beskikbaar stel - hulle het dit blykbaar, edele. (20

Dan volgens ons betoog soos ons gister gevra het, vra ons die skuldigbevinding van - behalwe vir beskuldigde nr.14 - al die beskuldigdes, dat almal van hulle skuldig bevind word aan hoogverraad. Ek vra dat die hof bevind waar daar nie 'n vyandige opset bewys is nie, dan vra ons skuldigbevinding van almal van hulle as 'n alternatiewe bevoegde uitspraak dat hulle skuldig bevind word aan sedisie dan. En dan vra ons as die hof nie daarmee saamstem nie, dat die beskuldigdes almal skuldig is aan die oortreding van wet 54, die veiligheidswetgewing, artikel 54. Daar is drie klagtes dat (30

hulle / ..

hulle wel die dade van geweld aangestig het; dat hulle deelgeneem het aan die geweld om dit te verkry en selfs by was, teenwoordig was toe dit verkry is of dit uitgelok en aangestig het. Ons het die getuienis gehad - as die hof voel dat ons nie daarso geslaag het nie - is daar intimidasie bewys dat die mense moes deelneem aan aksies in die Vaal en landswyd teen sekere instansies; die swart plaaslike besture, die swart onderwysowerhede en ook dat die vrye beweging van die veiligheidsmagte, die polisie en weermag belemmer was.

Op die beginsels van die sameswering, dat hulle almal (10 saamgewerk het vir een gemeenskaplike doel vra ons dat die dade van die een groep, die opsweeping van die een ook toegerek word aan die ander en dat die basis is waar mense nie teenwoordig was by die geweldplegings nie ook skuldig is daaraan deur dit op 'n landswyse basis te organiseer - beskuldigdes 19, 20 en 21 sê ons beslis het deel aan die gebeure in al hierdie plekke wat ons bewys het in die Vaal, in Vryburg, in Parys, Kroonstad, Welkom, onder in die Kaap; dit is alles deel van die sameswering wat gedoen is daar was orals in die land gedoen ter uitvoering van die sameswering. Almal van hulle wat daaraan deelgeneem het, aan die sameswering ter verwesenliking van die gemeenskaplike doel is daaraan skuldig. (20)

Ten aansien van die aanklagtes van moord, dit het gespruit uit die kampanje van UDF om swart plaaslike besture te vernietig en in die proses nie omgegee watter mense of eiendom daaronder ly en daaronder hulle lewens verloor nie. Hulle was roekeloos in daardie opsig en ons vra dat die beskuldigdes wat almal deelgeneem het aan die opsweeping van mense in die Vaal direk en indirek soos die beskuldigdes (30

19, 20 en 21 wie se kampanjes daar uitgevoer is, is deel-agtig aan die moorde wat daar gepleeg is. Hulle het roeke-loos gestaan teenoor die feit dat mense daar gedood sou word; mense is gedood en daarom is dit ons submissie dat hulle ook op daardie basis skuldig is aan die moorde as alternatiewe aanklagte. Maar ons reken veral dat ons het die hoofklagte bewys teen die beskuldigdes, dat hulle almal deel is van die sameswering om die regering van die land met vyandige opset omver te werp. Dit is al wat die staat dan te sê het.

Daar is net een aspek wat ek vergeet het, dit is (10 sekere my plig om vir die hof te sê daar is getuies wat getuienis gegee het in hierdie saak aan wie die hof vrywaring beloof het as hulle tot bevrediging van die hof sou getuienis aflê. Ek dink dit is 'n beslissing wat die hof sal moet neem of hulle bevredigende getuienis afgelê het - ek dink ek moet die hof net herinner dat die hof net in gedagte hou dat daardie getuies vrywaring sal moet kry in u uitspraak.

Dankie, edele.

MR CHASKALSON: We need to ask for time to enable us to deal properly with the state's argument. Now ignoring (20 for the moment the argument which was put up by the state at the time of the application for the discharge of the accused, of approximately 1 100 pages were yesterday incorporated by reference without regard to over 17 000 pages of defence evidence, the seven volumes which were presented on Monday and which constitute the argument which has been advanced in this court run to over 1 000 pages - we have not yet made up our minds how to deal with the additional 1 100 pages. It may be that we will decide to ignore most of it - I cannot tell your lordship but we have to read through it (30

now / ..

now to see what relates to the 1 000 pages which have been put before the court, what connections if any exist there, but I do not want to address myself to that at all. because I do not know how I am going to deal with that, as I say if at all. I want to direct myself to the 1 000 pages which constitute the seven volumes which have been dealt with during the past week.

Now there are significant parts of that argument which are based in the main on the evidence-in-chief of the state witnesses without regard to their cross-examination and (10 without regard to the voluminous defence evidence, and the result is that a fair and done statement of the evidence has not been put before the court. We now have to go through that argument paragraph by paragraph, search the record for the parts that have been left out and correct what seem to us to be incorrect submissions. And that m'lord is a laborious process. We have had members of the defence team working on that since Monday and we are nowhere near the end of that job yet. And the way the documentary evidence has been put before your lordship also presents problems. On (20 the whole the evidence given by the defence in regard to documents have been ignored and no attempt has really been made to deal with the admissibility of particular documents or to consider against whom, on what count and for what purposes those documents can be used. That means that we now have to go through the record and undertake that task in order to deal with the documents, some of which seem to us to have no relevance to some or all of the charges; some of which seem to us to be inadmissible on some or all of the charges. And others which need to be dealt with in the (30

light / ..

light of evidence which has been given about them and to which no reference has been made in the state's argument. Now we met last night to consider the time that we need to put up a proper argument to your lordship on behalf of our clients and we came to the conclusion after a lot of discussion that we could not do justice to our clients' case unless we had at least two weeks in which to undertake that task. Now I think I should your lordship what we have to do. We have already over a thousand pages of working notes which were prepared in anticipation of what we might hear (10 from the state. We have not yet completed our work of making corrections to what we see to be inaccuracies in the state argument and omissions of material evidence and that is going to take us some time. We then need to translate all our notes into a comprehensive answer to the argument. That answer will not necessarily be complete within two weeks but - and indeed it may not even be a complete answer ever but we contemplate that it will deal with the substance of the case. We will try to have as much recorded in writing as we can and we will try also to present it in a form (20 that follows - well, in a form which we think may be easier to follow than if we simply had to deal with the state's argument volume by volume. If we are able to do so we will even incorporate extracts of the record into our argument so that your lordship does not have to turn up the record every time though you may wish to do so to get the context.

Now we have worked long hours since Monday and we will continue to do so. We contemplate that we will work over weekends as well and we think we should be ready to begin in two weeks' time though our argument may not yet be (30 complete / ..

complete and parts of our team will probably have to continue working while the argument is being delivered in court. Now I realise that the postponement of two weeks take up two weeks of the court's time and possibly delay the final outcome of this trial by two weeks - I said possibly - because I believe..

COURT: It might delay the final outcome of this trial for a very, very long time.

MR CHASKALSON: Well, I said possibly because I believe that given time to prepare properly our argument will be (10 shorter than it would be if it were inadequately prepared and I believe that it may also make your lordship's task easier than would be the case if we had to put an inadequate argument before your lordship. We have spoken to the accused about this and they have instructed us to ask for the time that we consider necessary to put their case before your lordship even if it leads to a week or two's delay. As far as the court's time is concerned two weeks delay though regrettable in a trial of two and a half years is really not a drastic delay and I assure your lordship (20 that we need at least that time to do justice to our clients' case and I ask therefore that this case be adjourned until Monday, 22 August, to enable to discharge that duty.

COURT: Mr Chaskalson, we have had six weeks in which you had time to prepare an argument at least on portions of the case. Is it not that you can address me on the law, on the general approach of the state, on the admissibility of documentation and on the state case on the documentation against the UDF which is largely as it was at the close of the state case? (30

MR CHASKALSON / ..

MR CHASKALSON: Well, a lot of evidence has been given about the documents.

COURT: Well, that you surely would have added? I do not need written argument on that, you can address me and I can write down what you say, but surely while the rest of your team is going on with the detail and the nitty-gritty of part of the evidence we can have the legal argument, we can have arguments on admissibility; you can address me on VAN DER WALT J's judgment if you want to do so. We can deal with the documentation against the UDF to what extent (10 it is admissible, to what extent it has been misinterpreted in your view by the state. We can deal with matters like power, phrases like the "liberation struggle" and that sort of thing. We need not wait for two weeks to hear that - the nitty gritty I can understand there may be some difficulty in answering each and every small detailed fact which is before court, most of which was in any event before the court a year and a half ago.

MR CHASKALSON: Well, a lot of that was before the court a year and a half ago. I did not quite frankly believe (20 we would see that again.

COURT: Yes well..

MR CHASKALSON: Because a lot of that was shown to your lordship to be demonstrably falsely..

COURT: Yes but obviously by this time and in the six weeks that have passed you have had a detailed analysis of the state witnesses and the criticism of the witnesses and are prepared to tell me why I should reject them in respect of each and every meeting that was held in August and before that? (30

MR CHASKALSON / ..

MR CHASKALSON: We have done a lot of work, I have told your lordship that we have done a lot of work.

COURT: Well, if you have done that work you can make it available and it can be debated and we can go on with the case. You can hand in your written submissions later if you want to, I have no difficulty with that.

MR CHASKALSON: The question is how one puts an argument to your lordship. We want to direct our argument..

COURT: Well, one point.. (simultaneously)

MR CHASKALSON: ..to what the state has said. We do not (10 want to put up hurdles and knock them down. We prepared our argument in a..

COURT: Well, it is not a question of putting up matters and knock them down. If you want to address me on the law there is nothing that prevents you to do that. The outcome of VAN DER WALT J's case might influence the - the judgment in VAN DER WALT J's case might influence the approach in this case. I gave the state an opportunity to address me on that, I will give you an opportunity to address me on that. There are many general matters that can be discussed in (20 a full week before we get to the nitty-gritty of the torrid detail.

MR CHASKALSON: Well, what I am saying to your lordship is that we have prepared our working notes on the assumption that we would put them together when we heard the state argument. What happened when we got the state argument was that we had to spend our time on the state's argument, going through the record to supplement and that is what we have been doing.

COURT: Yes, surely you have, Mr Chaskalson, that is what (30

the / ..

the junior advocates do, that is their task and you have got four sets of attorneys who can do that also. You as leader as Mr Bizos as co-leader surely will not waste your time on the small detail but deal with general principles and big matters which in any event normally influence the outcome of a trial. It is not the detail.

MR CHASKALSON: Yes well, the big matters sometimes depend on the detail, and the submissions one makes on the big matters depend upon the..

COURT: We will get to the detail and if you feel you have (10 not addressed me properly on the detail I will give you an opportunity later to hand in your submissions on it, as fully as you want to. I am prepared to have the matter stand down until Monday, Mr Chaskalson, then we can have the argument, oral argument on whatever aspects you want to address me on and the detail you can hand in by the form of a written submission later. I am prepared to accept that later, even two or three weeks after we concluded the oral part of the argument.

MR CHASKALSON: Well, if your lordship orders me to start (20 on Monday I will have no choice but I am telling your lordship I cannot do justice to the accused's case if I start on Monday and that they will be severely prejudiced if your lordship directs me to start on Monday.

COURT: Mr Chaskalson, surely in the six weeks that have passed you have directed your attention to the law, the legal angles in the case, the admissibility of the documents and the interpretation of the documents? They have been before us for a year and a half?

MR CHASKALSON: I have directed my attention to lots of (30 aspects / ..

aspects of the case..

COURT: Yes, surely.

MR CHASKALSON: ..and I am telling your lordship that if I am ordered to start on Monday..

COURT: And I am sure, I am sure that you in your part of the argument will not deal with the detail with which we have been bothered for two days or three days by the state, that I am sure of. Somebody else can deal with that and can prepare with that and if needs be I can wait for that person or I can wait for written argument later on, but I (10 cannot see why we should wait for two weeks because you want to set it out in a certain form whereas the right that you have is to address me in oral argument and I grant you the further right to hand in written submissions later on. This case stands adjourned until Monday morning, 10h00.

THE COURT ADJOURNS UNTIL 8 AUGUST 1988

-----